

**Sondag 17 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:22-40**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:35, 40**

**Ons het Jesus broodnodig!**

Johannes 6:1-15 vertel hoe Jesus net voor die paasfees met vyf garsbrode en twee vissies 'n menigte mense voed. Hierdie brood-wonderwerk het baie mense na Jesus gelok.

Die volgende dag sê Jesus juis vir die mense: “*Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat die ewige lewe gee*” (Joh. 6:27). Die brood wat God gee, is die brood uit die hemel, en dit gee lewe (vs. 33). Dan kom die mense en vra: Gee vir ons van die brood! Jesus antwoord: “*Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie*” (vs. 35). Die boodskap wat Jesus gee, is dat Hy die enigste ware geestelike brood is. Geloof in Jesus Christus is die enigste pad van redding. Die Heilige Gees werk in jou ware geloof en jy het die Bybel soos brood in jou geestelike lewe nodig. Jesus is jou enigste geestelike brood – net Hy red jou en gee jou die ewige lewe. Al sterf jou liggaam op aarde, word jou gees na Christus opgeneem. Tydens Jesus se wederkoms sal jy met jou liggaam, siel en gees saam met Jesus Christus die volle ewigheid ingaan! Hierdie vreugde vier ons elke keer wanneer ons nagmaal gebruik.

Waarop is ons fokus elke dag? Oorlewing, brood (kos), prestasie, erkenning? Ja, God gee vir ons 'n dagtaak, en brood is nodig. Nog belangriker, ons het Jesus nodig, broodnodig! Mag die Heilige Gees jou nou rustig maak. Mag jy deur die boodskap van die Bybel die ware brood kry, aanhou kry: daaglikse geloof in jou enigste Verlosser.

Deel jou vreugde vandag met ander mense wat Jesus ook broodnodig het.

*Sing: Skrifberyming 17-3:1, 2*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*